

Hemel in die berge



Hier strek die berge tot by die verste horison. Die fynbos blink en swaai in vrolike lofsang. Die wolke lê in stilte en toekyk terwyl God se kinders in groot dankbaarheid die teenwoordigheid, liefde en vrede van God kom beleef. DEUR FRANCINE VAN NIEKERK; FOTO'S: JACO PRINS



Die paadjie lei na drie kruise, waar jy in stilte oor die berge kan kyk en God se teenwoordigheid ervaar.

mense, het hy die potensiaal hier raakgesien. En vandag, byna 30 jaar later, is dit 'n stilwordplek vir baie, 'n heelwordplek, 'n lof-en-aanbiddingsplek.

"Abba Vader het 'n goeie humorsin," glimlag **Helene**, Marius se vrou. "Ons wou van mense wegkom; nou stuur Hy die mense na ons toe!

"Ek het later hierdie versugting teenoor Hom uitgespreek: 'As daar net een persoon tot bekering kom in my leeftyd, sal dit alles wat ons hier tot stand bring die moeite werd maak. En dan sal ek met 'n lied agter die besem aan loop om die plek skoon te hou.'

"Ja, ná vele wonderwerke het ons besef Heaven's View behoort eintlik aan ons hemelse Vader. Ons het dit aan Hom oorgegee. Ons is bloot die rentmeesters daarvan."

Sy onthou ook hoe God destyds aan >



Menigte gelowiges is al in hierdie dammetjie gedoop.

Net buite die dorpie McGregor in die Suidwes-Kaap neem 'n grondpad jou tot teen die Riviersonderendberge. Daar lyk dit asof groot reuse met grasvoete en klipperige rûe in aanbidding neergekniel het. Die grondpad kronkel, hoër en hoër, óp teen elkeen se lyf. Verby Lord's wynplaas en fynboslanderye, tot by die Galgeberg natuurbewaringsgebied.

En daar draai jy regs op 'n teerpaadjie, ry jy deur die fynbos – op en op en op. Die

proteas glimlag blinkblaar. Die blomme wuif in gedempte groen en 'n sagte pienk in die wind. Groot, wit klippers lê hier en daar gestrooi.

Ons laat rol die kar se vensters af. Ons voel die bergwind teen ons wange, die son se soene op ons voorarms. Die wêreld is mooi. Die lewe is goed. Die hemel is naby.

Bo teen die berghang kom ons by 'n klompie klipgeboue, daar is 'n kruis in

een van die gewels. Ons klim uit die motor uit. Gewyde grond.

Ons haal diep asem. Rondom ons is daar berge. Alles is 'n bietjie oorweldigend. Heaven's View Mountain Resort.

'n Klein begin

Jy kan jou net indink hoe dit hier gelyk het toe **Marius Prins** dié plek in 1989 gekoop het – as 'n afgeleë, onontwikkelde stuk fynbos-berggrond. In sy soeke na 'n wegbreekplekkie ver van die stad en sy

Hier word jy herinner aan God se genade en liefde in Christus.



Die kapel waar klein troues gehou word.



Van waar die naam Heaven's View?

Die voor die handliggende rede vir dié naam is natuurlik die uitsig oor die berge en valleie. Dit is asof 'n mens dit vanuit die hemel sien.

Die eienaars sê: "Ons reken ook dat Heaven's View 'n heilige plek is, 'n veilige plek van aanbidding waar ons God se openbaring kan beleef. Die oord is ook 'n plek van herstel, van rus in God. 'n Plek wat jou daaraan herinner dat jy nie in jou eie krag sal werk en optree nie."

Helene vertel hoe sy eendag op 'n klip gesit en stiltetyd hou het. God het met haar oor Heaven's View gepraat in woorde uit Jesaja 25. So:

"Here, U is my God! Ek wil U prys en u Naam loof! U het wonders gedoen; dinge wat U lankal besluit het, het U volgens plan uitgevoer ...

"Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige 'n feesmaal gereed maak vir al die volke, 'n feesmaal met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn.

"Op hierdie berg sal Hy die doek verwyder, die doek wat oor al die volke gegooi was, waarmee al die nasies toegemaak was.

"Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee. Oor die hele aarde sal Hy die smaat verwyder wat sy volk aangedoen is. Die Here het dit gesê. Wanneer dit gebeur, sal elkeen sê: 'Kyk daar, dit is ons God, ons het op Hom vertrou, Hy het ons gered. Dit is die Here! Ons het op Hom vertrou. Laat ons bly wees en juig omdat Hy ons gered het.'

"Die mag van die Here sal op hierdie berg geopenbaar word ..."

– Jes 25:1, 6-10



Sonsopkoms – die skoonheid van God se natuur is oral te sien.

hulle gesê het dat die kinders wat hulle nie het nie, na hulle toe gaan kom. "Hy het gesê: 'Maak meer plek! Hier is nie genoeg plek vir almal nie.'

"Toe, in onnosele gehoorsaamheid, máák ons meer plek! En ons eerste klein groepie manne het bonatuurlike ontmoetings met ons Vader gehad. Hulle word met die Heilige Gees gedoop en begin in tale praat.

"Die volgende kamp was 'n groter mannekamp wat deur Retah McPherson aangebied is. Daar word genoem dat daar 'n doopgeleentheid sal wees – en sowaar: 21 mans tree by ons doopdammetjie aan! Ou ooms en jong seuns ...

"Ek het verstom gestaan; die trane het geloop. 'Vader,' het ek gebid, 'ek het vir een persoon se bekering in my leeftyd gevra, en kyk nou!'

"Sedertdien turbo ek agter die besem aan om die plek skoon te hou!"

'n Groot wonderwerk

Helene vertel van die eerste groot kamp wat hulle daar sou aanbied: "Ná een en 'n halwe jaar was die bouwerk nog nie voltooi nie. Vragmotorstakings, padverspoeings, voorrade wat nie deurkom berg toe nie en beurtkragprobleme het die bouery vertraag.

"Ons saal waar die lesings aangebied

moes word, het teen die Sondagaand – 'n week voor die kamp – geen vloer, plafon of elektrisiteit gehad nie. Die mure was nog net rou sement.

"Die fasiliteerders, wat 'n jaar tevore die kamp bespreek het, het uit die VSA gevlieg en die Woensdag om 12:00 hier aangekom. Toe begin ons bid ...

"En ons bid dat die tyd moet stilstaan. Ons bid dat die werkers se hart in die werk sal wees, dat hulle gemotiveerd sal werk en nie moeg sal word nie.

"Intussen dans ek 'n riel op die liedjie 'All things are possible' – terwyl ek hardop bid en verklaar dat God ons sal help.

"Toe word ons gebede verhoor: Binne twee en 'n halwe dag word die hele projek voltooi. Houtvloere, plafonne, elektrisiteit, geveerde mure, geïnstalleerde projektor en gehangde gordyne.

"Niks is onmoontlik by ons hemelse Abba Vader nie! Deesdae ontvang ons groepe uit alle nasies van regoor die wêreld."

Só lyk dit nou

Vandag staan hier 'n hele kompleks, met klipgeboue en ander strukture wat oor dié stukkie hemelse berggrond versprei is. Hier is ook 'n kapel waar klein troues gehou word. En vier eenhede wat verskillende soorte akkommodasie aan groepe bied.

Daar is 'n ruim stoep buite die eet-lokaal. Van daar het jy 'n asemrowende uitsig. Buite staan groot konkas vir vuurmaak as dit koud word. En wanneer die skuifdeure oopgemaak word, sien jy baie ver. Jy kyk oor die rûe van 'n hele ry bergreuse, jy sien hoe hulle in stille aanbidding neerkniel.



Een van die slaaplokale kyk uit oor 'n vallei en 'n bergreeks. Soggens lê die wolke ver ondertoe.



Vrolike voëltjies is oral tussen die fynbos te sien.

Vroegoggend lê die wolke doer onder aan die voet van die berg. Suid is daar drie kruise op die rant van die berg waar jy kan gaan vertoef. Noordoos is nog wonderlike vergesigte, en jy kan jou McGregor in die verte verbeel. En wes? Steeds berge, hoog en fier, wat hande in die lug God se lof besing.

Teen dagbreek wikkel die son deur die wolke en verf elke nuwe minuut 'n ander prentjie. Die voëltjies in die fynbos word ook wakker, die wind fluister nou.

Helene sê: "Ons vertrou dat elkeen op 'n besonderse manier God se stem hier by Heaven's View sal hoor. Dat hulle 'n persoonlike, intieme ontmoeting met die Vader, Seun en Heilige Gees sal beleef."



Fynbos oortrek die hange van die berge rondom Heaven's View.



Wie kamp daar?

Heaven's View Mountain Resort word deur Christelike kerkgroepe van alle denominasies gebruik. Daar word gereeld konferensies, prys- en lofsangnaweke, huweliksverrykingskursusse en manne- en vrouekampe gehuisves. Daar vind ook Christelike feesnaweke plaas, veral tydens Paasfees en aan die begin van 'n nuwe jaar.

Heaven's View bied ook verblyf aan kerkleiers wat in stille afsondering wil gaan. Dit is 'n regte wegkomplek in 'n stil omgewing en sonder selfoonontvangs. 'n Gerieflike selfsorgeenheid aan die rand van die oord word weeksaad aan sulke stilte-soekers verhuur.

• **Slaapplek.** Daar word in 'n verskeidenheid behoeftes voorsien, onder meer: eenhede met kamers met stapelbeddens en enkelbeddens, en elk 'n en suite-badkamer; slaaplokale met gemeenskaplike

ablusiegeriewe; ook dubbelbed-eenhede met en suite-badkamers.

• Die oord kan **tot 140 mense** op 'n keer hanteer, met **minstens 35 volwassenes** wat per naweek moet bespreek. Die gaste moet hul eie beddegoed, handdoeke, toiletpapier en eetgerei voorsien (en eie hout vir die kaggel in wintertye).

• **Die kombuis** is ten volle toegerus en daar is 'n onderdak-braaiplek. Groepe bespreek vooraf en alle etes word deur Heaven's View voorsien.

• **Lesinglokale:** Groepe het 'n keuse tussen 'n klein saal met 'n vuurherd vir die koue wintermaande, en sitplek vir 80 tot 120 mense. Die groot saal met 'n projektor kan gemaklik 140 persone akkommodeer.

Vir meer inligting: Besoek www.heavensviewmountainresort.co.za, of kontak Helene Prins by 083 235 8503 of 021 913 0009. 